Jou woestynskool

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif: Deut.8:2-5, 15-18.

Die verhaal word vertel van ’n ou man wat langs die pad geloop het met ’n bondel hout op sy rug. Op ’n stadium het hy so moeg geword dat hy langs die pad neergesak het en **gewens het hy kan sterf**. Tot sy verbasing het daar die volgende oomblik ’n doodsengel aan hom verskyn en gesê: “sal jy weer herhaal wat jy so pas gewens het?” Die ou man was geskok, het diep nagedink en geantwoord: “Ek wens ek kan hierdie bondel hout so spoedig moontlik weer op my skouers tel en weer koers kry pad langs!” Jy sien, in sy teleurstelling was dit waarvoor hy gevra het, nie werklik wat hy begeer het nie. Dit is ook waar van baie van ons gedagtes, ten tye van teleurstellings. Ons bedoel nie regtig wat ons sê nie!

Wallace Hamilton het geskryf: *“Die toename in selfmoorde, alkoholisme en selfs senuwee-ineenstortings is ’n bewys daarvan dat baie mense oefen vir sukses, terwyl hulle behoort te **oefen om teleurstelling te hanteer**.”* In die Bybel lees ons van verskillende Bybelkarakters wat eers ’n draai in die **woestyn** moes gaan maak voordat hulle met hul eintlike bediening kon voortgaan. Daardie draai in die woestyn, was allermins aangename tye!

Die woestyn is nie vir sussies nie! Dis bedags bloedig warm en snags soms ysig koud. In die woestyn is oorlewing moeilik as gevolg van ’n gebrek aan water en kos. Wat dit nog moeilikser maak is die natuurelemente soos bv. bloedige sonskyn, warm winde en hewige sandstorms. Net die gehardste sal daar oorleef!

Ek wil die **woestynskool** vandag simbolies vergelyk met die moeilike tye in jou lewe wat gewoonlik nie vir jou op daardie oomblik as dat dit jou tref, sin maak nie!

- **God bring soms teleurstelling en verwarring op ons lewenspad om ons van sukses te verseker.**

1. Paulus:

Ons lees dat Paulus (Gal.1:17-18) kort na sy bekering eers ’n draai in die woestyn gaan maak het. Paulus het nadat hy uit Damaskus ontsnap het, na sy eerste bekeringspreke, psigies en fisies seergekry.

Paulus se woestynskool:
As verworpene vlug hy vir drie jaar na die Arabiese woestyn. Daarna gaan hy vir twee weke na Jerusalem en ontmoet Petrus en Jakobus. Daarna het hy vir 14 jaar sendingwerk gaan doen. Hy was dus drie jaar in die woestynskool. Wat het alles in sy woestynskool gebeur? Ons weet dat God hom in daardie tyd geestelik ryp gemaak het en met besondere insig en begrip toegerus het.

- Paulus se woestynskool het sy lewe ingrypend verander. Hy het ’n radikale ommekeer beleef. Sy nuwe lewensfilosofie kan in Gal.2:20 gelees word: *“Ek is saam met Christus gekruisig en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat Sy liefde vir my bewys het deur Sy lewe vir my af te lê.”* Hy moes God op ’n buitengewone manier leer ken het. Na hierdie woestynskool het hy vorendag gekom met teologiese wysheid vir gebeure in Jesus se tyd waaroor die ander apostels nie uitsluitsel kon gee nie.

- Hy was bv. die eerste apostel wat die evangelie onverskrokke na die heidennasies geneem het en die Joodse tradisies en selfs die besnydenis as minder belangrik beskou het! Hy maak in Fil.3:8 duidelik wat vir hom die kernsaak is: “*Ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus my Here te ken oortref alles in waarde. Terwille van Hom het ek alles prysgegee en beskou*

ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees."

Die woestyn is ’n plek waar jy ook baie eensaamkan word en vir dae en nagte net met jouself en met God kan gesels. Die besluite wat jy neem is ook dikwels besluite wat bepaal of jy gaan lewe of sterf.

2. Elia

Elia het ook ’n woestynskool gehad

Elia was ’n Profeet wat in die jaar 870-850 voor Christus geleef het. 1Kon.17:1 sê Elia was ’n Tisbiet, en op ’n stadium net ’n bywoner in die land Israel. Hy was afkomstig van Gilead en het as profeet opgetree tydens die regeringsjare van Koning Agab (koning van Israel). Die Bybel sê koning Agab het meer sondes gedoen as al sy voorgangers. (1Kon.16:33) Hy het met ’n heidense vrou getrou en ook die afgod Baäl *(– vrugbaarheidsgod. Aanbidding van die afgod het gepaardgegaan met tempelprostitusie)* aanbid. Hy het ’n tempel vir Baäl in Samaria gebou en selfs ’n altaar vir die afgod daar opgerig. Hy het ook ’n gewyde paal geplant.

- God het vir Elia instrumenteel gebruik om koning Agab se oë oop te maak en hom tot verantwoording te roep en die land weer te suiwer. **Elia kry ’n moeilike opdrag:** <u>God vra vir Elia om reguit na koning Agab te stap en vir hom te sê dat dit vir die volgende drie jaar nie sal reën nie, behalwe as Elia sê dit moet reën!</u> Agab het waarskynlik nie notisie geneem van Elia nie. Maar toe die eerste reënseisoen kom en gaan en daar nie ’n druppel reën val nie, en die mense begin honger word, kan jy jou indink dat Elia die mees gehate man by die koning was. Die koning sou hom oral gesoek het! Elia se lewe was waarskynlik niks werd nie!

Elia se woestynskool:

Elia moes noodgedwonge dadelik ooswaarts vlug en by **Kritspruit**, anderkant die Jordaan, gaan wegkruip *(Volgens die kaart, was dit nie ver van Jerigo nie).* Kritspruit was dus eintlik Elia se woestynskool. Ek glo hy het daar in die

afsondering, elke dag Sy verhouding met God verdiep het. Ons leer die volgende uit sy woestynskool:

- **Gee jou eerste tree in geloof!** Soms verwag die Here van ons om eers die eerste geloofstree te gee voordat Hy vir ons sal sorg. Al ken jy nie die toekoms nie, Geloof is om met die kennis waaroor ek beskik te glo, en te vertrou. Elia moes eers begin om God se plan vir sy lewe uit te voer. Hy moes na Kritspruit loop.*(As ons twyfel en nie gaan nie, maar op die verkeerde plek bly sit of weier om 'n opdrag uit te voer wat God vir ons gee, kan ons nie verwag om Sy seën te ontvang nie!)*
- **God sorg dáár!** Nie hier binne jou gemaksone waar jy volgens jou eie planne en voorkeure leef nie. God sal net die kraai stuur as jy op die adres is waar jy moet wees. God het nie gewaarborg dat Elia gerieflik en luuks sou leef nie. Hy het wel gewaarborg dat Hy dààr vir hom sou sorg.
    - *Vraag: Is daar iets in jou lewe wat God lankal vir jou gevra het om te doen, maar waarvoor jy nog nooit die moed bymekaar kon skraap nie?*
- **Een dag op 'n slag:** God sorg vir Elia een dag op 'n slag, elke oggend en elke aand. Een maaltyd op 'n slag! Die kraaie het vir Elia soggens en saans brood en vleis gebring. Elia was nie bekommerd of die kraaie môre weer kos gaan bring nie! Hy het een dag op 'n slag geleef! Die Here leer ons in die "Onse Vader" gebed om te bid vir vandag se brood. Een dag se brood op 'n slag! *Ons sit dikwels met ses maande se brood vooruit en dan bekommer ons, ons nog steeds oor die volgende jaar se brood en of ons by ons aftrede genoeg brood sal hê*. Hoeveel brood wil ons hê voordat ons, ons gaan ophou bekommer?
- **In watter woestynskool bevind jy jou tans? Hoe vaar jy? Sien jy God se hand waarin met jou gebeur of is jy opstandig en verbitterd?**
    - Wanneer God jou eenkant afsonder om aan Sy voete te sit, moet jy weet, Hy is besig om jou voor te berei vir 'n spesiale roeping. Moenie rebelleer nie.
    - Die krisisse waardeur God jou nou stuur, is die kursus wat môre vir jou van groot hulp gaan wees!

3. Moses

Moses was ook 40 jaar in die woestynskool. In die tydperk leer Hy ook om God blindelings te vertrou. God kon hom en die volk met 'n kortpad laat trek het en binne 'n maand in die beloofde land gebring het, maar dit is duidelik dat God nie

net die volk in Kanaän wou hê nie, maar dat God baie eerder die volk se karakter wou vorm. Daarom lei Hy die volk met ’n ompad. Wat leer Moses?

- By die Rietsee leer Moses om op God se bevel te wag en God se leierskap te vertrou.
- By Horeb berg leer Moses om God te respekteer as ’n Heilige God.
- Hy leer om met God te praat. Die tabernakel word ’n ware ontmoetingsplek tussen hom en God. Exo.33:7
- Hy leer om God se wil in alles te soek Exo.33:13
- Hy leer om eerlik te wees en vir God te sê as dat hy nie langer kans sien vir die leierskap nie. Num.14:11
- Hy leer dat God se almag groter is as menslike verstand. Num11:23 en Num.14:11

Wat het in jou lewe gebeur wat vir jou na ’n woestsynskool ervaring gevoel het en wat het jy agterna daaruit geleer.

Ons sien die lesse wat God vir Israel in hierdie woestynskool wou leer. Sommige daarvan is opgeteken in Deut.8:2-5,17-18. God het dit gedoen om die volk:

- Nederig te laat word. Hulle moes leer hulle is afhanklik van God se genade.
- Op die proef te stel of hulle Hom 100% sal gehoorsaam of nie.
- Om hulle te leer dat mens nie net van brood leef nie, maar dat hulle leef van elke woord wat uit God se mond kom.
- Dat God vir jou daaglikse behoeftes sorg (kos en klere).
- God het hulle dissipline geleer.
- Jy moet weet al jou krag om rykdom en besittings te verwerf, is deur God aan jou gegee! Wat jy besit is genade. (vgl.Joh.3:27)

4. Jesus

Dit is verbasend dat die Vader self toelaat dat Jesus deur ’n woestynskool ervaring gaan. Ons lees in Mt.4:1-11 dat Jesus deur die Gees die woestyn ingelei is om deur die duiwel versoek te word. Jesus word in die woestynskool voorberei voordat Hy Sy openbare optrede begin. In hierdie tyd is Jesus aan verskillende versoekinge blootgestel.

- Die mees basiese drang om te bly leef (kos). Wanneer mens sterwend van die honger is sal jy enigiets doen vir kos.
- Die versoeking om mag en roem te ontvang.
- Die versoeking aan rykdom en besittings.

Al hierdie versoekings het Jesus in sy menslike hoedanigheid beleef en almal het hy oorwin deur homself elke keer op die Woord van God te werp.

- Omdat Hy oorwin het, kan ons ook vandag enige aanslag van die bose oorwin. ***1Joh.5:3*** *"enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof."*

5. Ons woestynskool:

Dit is duidelik dat God beproewinge gebruik om ons elkeen te vorm en voor te berei vir ons lewensdoel. Ons elkeen sal een of ander tyd 'n woestynskool beleef Die doel van hierdie beproewinge is nie om ons te straf nie (Klaagliedere 3:31-33), maar om ons karakter te vorm.

i. **In die woestynskool spreek God direk tot jou deur Sy Woord (dabar).** Die woord in Hebreeus vir **woestyn** is: **Midbar**. Dieselfde stam word vir die woordjie **woord** gebruik nl. **Dabar.** Dit is interessant dat almal van wie ons lees, in hul woestynervaring gehoor het dat God Woord tot hulle spreek. Hulle moes ook op Sy Woord reageer. Hulle moes Sy Woord 100% gehoorsaam. Slegs as hulle aan Sy Woord gehoorsaam was kon hulle geestelike groei, deurbrake of oorwinning beleef. Jesus het self die Woord van God aangehaal om die Satan te oorwin. Ons let op dat Jesus die Woord geken het, en presies geweet het hoe om van uit God se Woord Satan te weerstaan. In jou woestyn tyd sal jy dus moet besef dat die Woord van God direk tot jou gaan spreek. Dat jy die onderskeidingsvermoë moet hê om te weet wanneer is dit God wat praat en wanneer is dit satan wat versoek! Oorwinning kom deur God se Woord (Dabar).

ii. **In die woestynskool laat God swaarkry oor ons kom.** Swaarkry en beproewinge bring ons weer op ons knieë. Dit leer ons om op God alleen te vertrou. Dit is stroop ons van alles om ons, en bring ons ware identiteit na vore. ***Mt.12:33*** *"'n Boom word aan sy vrugte geken" en* ***Mt.12:34*** *"waar die hart van vol is loop die mond van oor*". Dit is in die moeilike tye dat ons gedwing word om ons maskers te laat sak. Dis die tye waarin jy besef hoe broos jy is en hoe afhanklik jy van God se genade is. Dan besef ons hoe klein en nietig ons werklik is. ***Moeder Teresa*** het gesê: *Hoe kleiner ons is, hoe meer plek is daar vir God"*

iii. **In die woestynskool versorg God sy kinders volkome**. Elia is versorg deur kraaie, Moses en die volk Israel is deur God versorg deur vars kwartels en

manna elke dag af te gee. Maar let op God leer steeds vir hulle die les dat hulle nie van brood alleen sal lewe nie maar van sy dabar (Woord) Deut.8:3. Die wonderlike is egter dat God sy kinders fisies versorg. Selfs al vas jy in die woestyntydperk soos Jesus, maak God dit moontlik!

iv. **In die woestynskool beskerm God sy kinders.** Elia is by Kritspruit weggesteek. Paulus is weggeneem van sy vyande in die veilige beskutting van die woestyn. Sy vervolgers het die woestyn gevrees en hom nie daar gaan pla nie! Moses en die hele volk Israel vind skuiling en beskutting in die woestyn. Die ander volke het hulle nie daar kom aanval nie!

v. **In die woestynskool verander God sy kinders deur sy Woord (dabar).** ’n Byl word geslyp en skerper gemaak deur die stukkies metaal wat op die slypsteen afgeskuur word. So word ’n mens skerper en meer bruikbaar vir God deur die moeilike omstandighede wat stukkies van jou eie ek wegslyp. Jy word al meer na God se beeld gevorm, skerper en meer bruikbaar vir die dienslewering waarvoor God jou voorberei het. **Paulus** kry begrip van die volheid van die evangelie, **Jesus** word voorberei vir sy aardse bediening as Middelaar, **Moses** begelei die volk terwyl God die volk dissipline leer, gehoorsaamheid leer, leer om in God te glo en Hom te vertrou, leer om op Sy Woord en Sy bevel te handel ens. In die tyd kon God die ongelowige geslag uitwis en Kaleb en Josua se geloof verder versterk. **Elia** is in sy woestyn tydperk geestelik voorberei om God 100% te vertrou. God sê vir Jeremia (Jer.18:6) *“Kan ek nie met julle doen wat die pottebakker met die klei gedoen het nie, Israel?”*

vi. **Die woestynskool is gewoonlik die voorbereidingstyd vir groter dinge wat God met jou lewe beoog.** In Jer.31:25 sê God*: “Ek gee nuwe krag aan die wat moeg is, Ek maak die moedelose weer vol moed.”* Elia is bv. gereedgemaak vir die grootste uitdaging van alle uitdagings wat kort daarna op berg Karmel sou afspeel. Hy moes so onwrikbaar in God glo dat Hy almal kon uitdaag! Elia sou hierna koning Agab en 450 Baälprofete en 400 Asjera profete uitdaag op Karmelberg. Hy het ook die volk Israel en al God se profete daarheen laat kom. Die uitkoms was aangrypend. God het met vuur uit die hemel geantwoord. (1Kon.18:39-40)

vii. **In die woestynskool moes almal leer om te volhard.** Miskien het jy onlangs ’n mislukking of teleurstelling in jou lewe beleef. Dalk het jy besluit om op te hou probeer. Kan ek vir jou vra: “Het jy opgehou omdat jy misluk het, of het jy misluk omdat jy opgehou het om God se wil te soek?” **Wanneer misluk mens regtig?** Wanneer jy gefouteer het, en nie iets daaruit geleer het nie!

William Ward het gesê: *“Sien mislukking as ’n leermeester, nie ’n begrafnis nie; as ’n vertraging, nie ’n neerlaag nie; as ’n tydelike ompad, nie ’n doodloopstraat nie.”*

Amen